# Week 4

# Een in Christus

**Geheuevers:**

*Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*

*Efesiërs 2:19*

# PERSOONLIKE STUDIE

## Lees Efesiërs 2:11-3:13

### INLEIDENDE OPMERKINGS:

God se versoeningswerk is nie net tussen God en die individu nie, alhoewel dit daar begin. Dit is ook tussen groepe mense wat haaks is, soos die Jode en heidene in die dae van Paulus was.

Die heidene wat tot geloof gekom het, was uiters bewus van die enorme verskille wat tussen hulle en die Joodse Christene bestaan het. Hulle het nie aan die verbondsvolk, Israel, behoort nie en hulle is die "onbesnedenes" genoem, wat vir die Israeliete 'n aanduiding was dat hulle nooit aan die vereistes vir die seremoniële wette kon voldoen nie. Hulle is as onrein gesien, en hulle was ver van God en sonder hoop.

Deur geloof in Jesus Christus het hulle een geword met Christus en is hulle met God versoen. Christus maak nou die verskil en die verskille tussen Jode en heidene is verwyder. Hulle kom nog steeds van uiteenlopende agtergronde af, maar deur geloof in Jesus Christus het

mense van uiteenlopende kulturele agtergronde een met Christus geword.

Die vroeë kerk het bestaan uit Joodse mense wat in Jesus geglo het, en baie van hulle het gesukkel om hul vooroordele teenoor die nie-Jode wat ook Christene geword het, te oorkom.

**STUDIEVRAE:**

Dit is deel van die sondige menslike natuur om beskermende versperrings te bou wat ander mense uitsluit. Watter voorbeeld van onenigheid, verdeeldheid en skeiding het jy die afgelope maand waargeneem??

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 2:11-16. Hoe beskryf Paulus die heidene voordat hulle deel geword het van die nuwe groep gelowiges?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Wat het Jesus spesifiek gedoen vir die heidene aan die een kant (vers 12-14) en vir die Joodse volk aan die ander kant (vers 14-15)?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Lees Efesiërs 2:16-18. Ons sien vandag steeds verdeeldheid onder Christene al is Christus self ons vrede (verwys na verse 14-18). Hoe kan diegene wat in Christus verenig is nog verdeeld wees?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Lees Efesiërs 2:19-22. Watter analogie gebruik Paulus om die versoening van Jode en heidene te beskryf?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Hoe beklemtoon dit die eenheid wat Christene met mekaar het?

……………………………………………………………….

……………………………………………………………….

Vergelyk hierdie analogie met Romeine 9:30-33, 1 Korintiërs 3:10-16 en 1 Petrus 2:6. Dink jy hierdie analogieë versterk mekaar of nie? Hoekom?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 3:1- 6. Wat presies is die geheimenis wat aan Paulus bekend gemaak is? (Verwys na Romeine 16:25-26 en Kolossense 1:26-27.)

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Hoe het Paulus die verduideliking van die geheimenis verkry?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 3:7-9. Wat is Paulus se rol in die openbaarmaking van hierdie geheimenis?

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

……………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 3:10-11. Watter wonderlike waarheid ontdek ons oor ons kerke in verse 10-11? Watter doel het God vir die kerk?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Hoe vergelyk en/of verskil jou houding teenoor die kerk met Paulus s’n?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Lees Efesiërs 3:12-13. Hoe sien Paulus, wat in die tronk sit (sien Efesiërs 1:1) sy lyding? Hoe moet die Efesiërs sy lyding sien?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

Die woorde genade, krag, voorreg en eer (Verwys na verse 7,8 en 13), kan gebruik word om Paulus se siening van sy bediening te beskryf. Watter rol speel hierdie woorde in jou siening of jou bediening as 'n getuie van Christus?

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

…………………………………………………………………….

**SLOTOPMERKINGS:**

Die slotverse van hoofstuk 2 neem een van die sentrale simbole van Judaïsme en draai dit om. Die tempel van Jerusalem was die godsdienstige hart van die nasie, sowel as die politieke, sosiale en kulturele hart van Jerusalem, omdat Israel se God belowe het om daar te woon. Baie het geglo dat dit die plek was waar hemel en aarde ontmoet het.

Maar nou verklaar Paulus dat die lewende God besig is om 'n nuwe tempel te bou. Dit bestaan nie uit klippe, boë, pilare en altare nie, maar uit mense. In Efesiërs 3 vers 10 verduidelik Paulus dat die kerk 'n gemeenskap is waarin mans, vroue en kinders van elke ras, kleur, sosiale en kulturele agtergrond saamkom in blye aanbidding van die een ware God.

God was nog altyd diep besorg oor die eenheid van sy volk. Deur Verlossing het Hy ware geestelike eenheid bewerkstellig. Hy het 'n geestelike gemeenskaplikheid geskep wat gebaseer is op die deel van dieselfde ewige lewe. Die werklikheid van bekering behoort die lewe van die kerk te beïnvloed omdat dit die rede vir praktiese eenheid is.

# GROEPBESPREKING

## Gebed

## Geheuevers:

*Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.*

*Efesiërs 2:19*

## Nadenke:

Deel met die groeplede hoe God hierdie week in jou lewe gewerk het.

## Skriflesing:

Efesiërs 2:11-22 en Efesiërs 3:1-13

## Besprekingsvrae

Dit is deel van die sondige menslike natuur om beskermende versperrings te bou wat ander mense uitsluit. Watter voorbeeld van onenigheid, verdeeldheid en skeiding het jy die afgelope maand waargeneem? Bespreek in die groep.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

Lees Efesiërs 2:14-18. Ons sien vandag steeds verdeeldheid onder Christene al is Christus self ons vrede. Hoe kan diegene wat in Christus verenig is, steeds verdeel wees? Hoe kan hierdie verdeeldheid oorbrug word? Bespreek.

________________________________________

________________________________________

Lees Efesiërs 2:19-22. Watter analogie gebruik Paulus om die versoening van Jode en heidene te beskryf? Hoe beklemtoon dit die eenheid wat Christene met mekaar het?

________________________________________

________________________________________

Lees Efesiërs 3:1-11. Watter wonderlike waarheid ontdek ons oor ons kerke in verse 10-11? Watter doel het God vir die kerk?

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

Hoe vergelyk en/of kontrasteer jou houding teenoor die kerk met Paulus s’n? Wat moet verander? Bespreek in die groep.

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

Die woorde genade, krag, voorreg en eer (Verwys na verse 7,8 en 13), kan gebruik word om Paulus se siening van sy bediening te beskryf. Watter rol speel hierdie woorde in jou siening of jou bediening as 'n getuie van Christus? Bespreek in die groep.

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

**Sluit af met gebed.**